



# rooi rose

STYLVOL, SINVOL, PROPVOL

TUIS **KOS** MODE SKOONHEID GESONDHEID BEKENDES LEEFSTYL TUSSEN ONS

SUKSES & GELD ONTSPANNING WEN

**TEKEN NOU  
IN & SPAAR  
45%**

*Jy kan een van 16 Gatineau-geskenpkakke van R1 845 elk kry*



## 'N SENSORIESE ERVARING BY IDIOM

17/05/2016

Ons was onlangs genooi om die splinternuwe Idiom Restaurant en Wynproesentrum te besoek wat op 1 Junie sy deure aan die publiek gaan open. Dié nuwe bestemming is op die toppunt van die Bottega-familie se Da Capo Wingerde, naby Helderberg in Somerset-Wes geleë en dien as die nuwe tuiste van dié familie se Idiom-wyne.



Die eiendom van Idiom beslaan 150 hektaar, waarvan 40 hektaar uit wingerd bestaan en 'n seleksie Italiaanse variëteite soos Sangiovese, Barbera, Nebbiolo en Primitivo insluit, wat die Bottega-familie erfenis verteenwoordig.

Om tien oesjare van volronde, wen-wyne van Idiom te vier het die Bottega-familie die bou van hul restaurant en sentrum van stapel gestuur. Gevolglik is dit die jongste toevoeging tot dié familie se indrukwekkende bergwingerde en beloop dit om 'n vyfster-ervaring aan sy besoekers te bied.

Die gebou is meesterlik ontwerp deur argitek Thomas Leach, in noue samewerking met Idiom-eienaar, Alberto Bottega en sy seun, Roberto.

Die dramatiese struktuur is stille getuie van die karakter van Idiom Wyne en bring veelvuldige aspekte van die terroir na die ruimte. Met dié dat alle druiwe wat in die

### Lesersforum

Neem deel  
en jy kan groot  
pryse wen



### Resepte nuusbriëf

Idiom-reeks gebruik word, op hierdie perseel groei, dien die baanbreker-argitektuur ook as 'n metafoor wat die natuur met die Bottega-familie se dekade van Idiom wyn-prestasie saamsmelt. Amper soos kuns en goeie wyn.

Boonop bied dit panoramiese uitsigte van die majestueuse Helderberg-kom en die uitgestrekte Kaapse Skiereiland, van Tafelberg tot Kaappunt, met 'n glinsterende Valsbaai in die voorgrond.

Met eerste oogopslag verwonder jy jouself aan die selfondersteunende boogvorms wat meesterlik uit klip vanaf die plaas se groef gekerf is. Dit, saam met talle grys betonlae en granietrotse in die struktuur, skakel mooi met die spesialiteit-houtbalke wat die hele struktuur omhoog hou.

Die Idiom-restaurant bied 'n versmelting van Italiaans- en Suid-Afrikaanse kookkuns met 'n moderne kinkel, alles gepasmaat met die uitgebreide Idiom wyn-aanbieding. Dié 60-sitplek restaurant vloei oor in die wynproe-kubus waar Idiom se vlagskip versnitte, spesialiteit Italiaanse variëteite en raar oesjare van Idiom se ryk Limited Release 900-reeks, geproe kan word.

Hoewel die restaurant met 'n seisoenale a la carte-spyskaart vir bespreekte gaste voorsiening maak, sal 'n spesiaal-ontwerpte canapé-spyskaart vir onverwagse wynproewers aangebied word.

Daar sal later vanjaar ook 'n deli-gedeelte met 'n Italiaanse Wyn-ervaring geopen word. Hierdie afdeling sal die familie se *Vinotria* ingevoerde Italiaanse wynprojek vertoon, tesame met hul plaaslik-vervaardigde Idiom Wyne.

Daar is ook 'n luukse produktewinkel waar Idiom se skaars parfums en eksotiese leerhandsakke gekoop kan word.

Dit is 'n definitiewe moet om by dié nuwe sentrum 'n draai te maak! As die indrukwekkende argitektuur en uitsigte nie jou asem wegslaan nie sal die Bottega-familie en hul topklas span se professionaliteit vir 'n ervaring sorg wat jou verseker sal bybly.

## Besigheidsure:

### Die Idiom Wynproesentrum

Daaglik oop van 10vm tot 5nm.

### Die Idiom Restaurant

Oop van 10vm tot 5nm (Woensdag tot Sondag).

Skakel gerus 021 204 1059 vir wynproe- en restaurantbesprekings of besoek die [Idiom-webtuiste](#) vir meer inligting.



example@domain

### TEKEN IN

Deur op die bogenoemde nuusbriewe in te teken, aanvaar jy die **Reëls en Voorwaardes**

### Video

Agter die ske...



*Hierdie week wil ons weet*